Universiteit van Pretoria

# DIE BEOEFENING VAN ALGEMENE KERKGESKIEDENIS IN SUID-AFRIKA

PROF CFA BORCHARDT

# DIE BEOEFENING VAN ALGEMENE KERKGESKIEDENIS IN SUID-AFRIKA

PROF C.F.A. BORCHARDT

Intreerede gelewer op 28 Februarie 1991 by die aanvaarding van die Professoraat en Hoofskap van die Departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg, Fakulteit Teologie B, aan die Universiteit van Pretoria.

## INTREEREDE: PROF C F A BORCHARDT AS PROFESSOR IN EN HOOF VAN DIE DEPARTEMENT KERKGESKIEDENIS EN KERKREG, FAKULTEIT TEOLOGIE, AFD B

28 Februarie 1991

Carl Frederick August Borchardt is op 25 April 1934 in Germiston gebore en matrikuleer in 1951 aan die plaaslike Afrikaanse Hoërskool, in die eerste klas. Vervolgens verwerf professor Borchardt aan die Universiteit van Pretoria die grade BA in 1954 (met lof), BD in 1957, en lê hy die kerklike Proponentseksamen in 1958 af. Voorts behaal hy 'n MA in Grieks en Latyn in 1960, andermaal aan sy alma mater.

Professor Borchardt vertrek in Januarie 1961 na Nederland waar hy die doktorale eksamen aan die Rijksuniversiteit van Leiden in September 1963 aflê, met Kerk- en Dogmageskiedenis as hoofvak, en Nuwe Testament en Latyn as byvakke. In Mei 1966 promoveer hy met 'n proefskrif getitel "Hilary of Poitiers' role in the Arian struggle" wat as deel 12 verskyn het in die reeks Kerkhistorische Studiën.

In 1959 was professor Borchardt deeltydse dosent in die departement Klassieke Tale by Unisa, en in 1965 ses maande lank tydelik in die NG-gemeente Johannesburg-Wes behulpsaam. Daarna, vanaf Mei 1966 tot Desember 1969, dien hy as leraar in die NG-gemeente Benoni-Oos, en met ingang 1970 is hy senior lektor in Kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Suid-Afrika. In Januarie 1976 word professor Borchardt as senior lektor aan die Universiteit van Pretoria in die departement Kerkgeskiedenis en Kerkreg aangestel, en vanaf September 1976 tree hy as medeprofessor op. In 1986 word hy tot volle professor bevorder, en vanaf Januarie 1990 is hy hoof van genoemde departement.

Uit sy pen het reeds 'n dertigtal artikels verskyn.

Professor Borchardt is projekleier en mederedakteur van die Suid-Afrikaanse Teologiese Bibliografie wat deur die Teologiese Instituut van Unisa uitgegee word en waarvan reeds vyf dele verskyn het. Hy was medestigter en eerste sekretaris van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suider-Afrika en is tans redakteur van hulle tydskrif **Studia Historiae Ecclesiasticae.**

Professor Borchardt is getroud met mej Sanetta Viljoen, en een seun en drie dogters is uit die huwelik gebore.

Dit is vervolgens vir my aangenaam om professor Borchardt te versoek om sy professorale intreerede te lewer oor die onderwerp "Die Beoefening van Algemene

Kerkgeskiedenis in Suid-Afrika".

Prof D M Joubert
VISE-KANSELIER EN REKTOR

# DIE BEOEFENING VAN ALGEMENE KERKGESKIEDENIS IN SUID-AFRIKA

Die oorgrote meerderheid proefskrifte in Kerkgeskiedenis wat die afgelope dekades by Afrikaanse universiteite in Suid-Afrika ingedien is, is op die gebied van die Vaderlandse Kerkgeskiedenis. Die rede hiervoor is voor die hand liggend. Baie van die vrae wat aan die verlede gestel word, lê op die gebied van ons geskiedenis hier in Suid-Afrika. Die bronne wat nagevors word is hier in Suid-Afrika maklik bereikbaar en bekombaar en die wat nie in Suid-Afrikaanse argiewe voorhande is nie, is in Engeland of Nederland op te spoor. Boweal is die dokumente in bekende tale (Engels en Nederlands) en die navorser bevind hom in 'n vertroude omgewing wat sy navorsingsgebied, gebeure en tale betref. Oor die geweldige belangstelling in die Vaderlandse Kerkgeskiedenis soos dit sy neerslag vind in proefskrifte, kan ons ons net verbly. As mens daaraan dink dat my vorige kollega, prof. P B van der Watt se proefskrif in 1968 die eerste was wat in die Departement Kerkgeskiedenis in Stellenbosch ingedien is [1)] en dat sedertdien byna vyftig proefskrifte net by die Ned Geref Kerk se drie fakulteite ingelewer is, kan ons van 'n ware ontploffing op die gebied praat. Dit is verblydend en belangstelling in kerkgeskiedenis kom ook tot uiting in die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suider-Afrika wat pas sy een-en-twintigjarige bestaan gevier het. Kerkhistorici word tydens die jaarlikse byeenkomste geweldig gestimuleer en mens kan jou nouliks voorstel wat die toestand drie dekades gelede was toe dosente in kerkgeskiedenis op hulleself aangewese was en in isolasie hulle vak moes beoefen.

Sedert my koms na die Universiteit van Pretoria in 1976 is dit vanweë my besondere belangstelling aan my opgedra om die Algemene Kerk- en Dogmageskiedenis te doseer. Dit is daarom vir hierdie afdeling van die vak wat ek vanaand u aandag wil vra.

Die ontstaan van die meeste groot kerktradisies wat vandag in Suid-Afrika voorkom, is na die tyd van die kerkhervorming in die sestiende eeu terug te voer. Dit sou op sigself al klaar genoeg rede wees waarom 'n grondige bestudering en kennis van die protestantse kerkhervorming as onontbeerlik beskou kan word. Die hervormers het steeds beklemtoon dat hulle nie met 'n nuwe leer te voorskyn gekom het nie en dus nie met die Rooms Katolieke Kerk wou breek nie, maar dat hulle die Roomse Kerk wat op 'n dwaalweg beland het, na die suiwer pad wou teruglei. Met die doel om te bewys dat hulle die suiwer lyn van die kerk voortgesit het, het hulle telkens na die kerkvaders van die Vroeë Kerk verwys. Luther het groot waardering vir Petrus Lombardus gehad omdat hy baie op die kerkvaders gesteun

het, maar Luther het veral 'n baie hoë agting vir Augustinus gehad. "Hy is die grootste teoloog na die apostels".[2] Daar is 'n hele paar studies deur moderne historici onderneem om Luther se afhanklikheid van Augustinus te bepaal.[3] 'n Navorser het daarop gewys dat Luther se belangstelling in Augustinus veral daarin geleë was dat Augustinus hom gehelp het om Paulus beter te verstaan.[4] Luther het egter nooit enige kerkvader as 'n selfstandige gesagsinstansie beskou nie maar het steeds na die kerkvaders verwys as hulle tot bevestiging van sy uitleg van die Bybel gedien het soos by voorbeeld in sy debat met Johan Eck in Leipzig in 1519.[5] Ook Calvyn het telkens uit die werke van die kerkvaders aangehaal.[6] Calvyn het baie hoë waardering vir Augustinus gehad en graag na hom verwys omdat hy daarmee wou aantoon dat sy opvattinge geen nuwigheid in die kerk beteken het nie.[7] In een van sy werke merk hy op dat hy 'n bepaalde waarheid nie beter onder woorde kan bring as wat Augustinus dit gedoen het nie.[8] Calvyn het altyd volgehou dat hy na die kerkvaders verwys slegs om die verval van die Rooms Katolieke Kerk duidelik aan die lig te bring[9] want die enigste en finale outoriteit vir Calvyn was die Heilige Skrif.

Vir die Afrikaanse Kerke is kennis van die ontwikkelinge in Frankryk, Nederland en Engeland (Skotland) absoluut noodsaaklik om toestande in Suid-Afrika te verstaan. 'n Deeglike kennis van die liberalisme[10] as 'n nagevolg van die Verligting (Aufklärung) is onontbeerlik as agtergrond om die kerklike twiste wat uitgeloop het op talle hofsake in die Ned Geref Kerk in die vorige eeu te begryp. Die geestelike opwekkings die vorige eeu binne die Ned Geref Kerk was deel van 'n wêreldwye beweging en kan nie geïsoleerd beoordeel word nie. Die puritanisme, piëtisme en metodisme het ook sy neerslag gevind in bepaalde kringe binne die Ned Geref Kerk[11] én tensy mens wil verval in algemeenhede (soos dikwels gebeur wanneer die vinger beskuldigend na die Ned Geref Kerk gewys word) sal die ontstaan en wese van hierdie rigtings deeglik en presies gedefinieer moet word. Pont het daarop gewys dat die invloed van Europese teologiese strominge sorgvuldig nagevors moet word omdat nie een van die geestesstrominge wat ons in ons Afrikaanse kerke vind, 'n suiwer Afrikaanse oorsprong het nie.[12] Die eerste predikant van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het uit die beweging van die Afskeiding van 1834 in Nederland gekom en daarom is 'n deeglike kennis van gebeure in Nederland in daardie tyd noodsaaklik. Die Doleansie in Nederland in die laaste kwart van die vorige eeu is vir ons ook belangrik omdat die Vrije Universiteit in Nederland die Alma Mater is van baie van die buitelandse promovendi in die Ned Geref Kerk. Die belydenisskrifte van die drie Afrikaanse Kerke het in die sestiende en sewentiende eeu ontstaan binne 'n bepaalde konteks en 'n deeglike kennis van daardie agtergrond is daarom noodsaaklik. Die ontwikkeling van die tendens om aparte kerke hier in Suid-Afrika teologies te regverdig kan eers goed verstaan word in die lig van gebeure in Duitsland in die

dertigerjare. Die veroordeling van die Afrikaanse kerke deur buitelandse kerkleiers en vergaderinge die afgelope dekades moet ook binne die konteks van die verloop en afloop van die tweede wêreldoorlog gesien word en die ideologie wat die Duitsers voorgestaan het. Brown het daarom tereg gesê dat die Afrikaanse kerke se geskiedenis na die tweede wêreldoorlog nie sonder verwysing na die algemene kerkgeskiedenis verstaan kan word nie.[13)]

Kennis van die Engelssprekende Kerke hier in ons vaderland is in die huidige ekumeniese tyd onontbeerlik. Vir die oningeligte mag samesprekings tussen Anglikane en Metodiste hier te lande en in Engeland vreemd lyk maar as onthou word dat John Wesley as Anglikaanse priester oorlede is en dat sy beweging van die Church of England afgeskei het, is toenaderings tussen die twee kerke begryplik. Het u gewonder waarom soveel Afrikaners (veral NG lidmate) oënskynlik so maklik 'n nuwe tuiste by die Hatfield Baptiste vind terwyl die kerke skynbaar groot leerstellige verskille het. Die stigter van die Baptiste Kerk in Suid-Afrika William Miller het sy gemeente bedank omdat hy leerstellig 'n sogenaamde hiper-calvinis was. Een van sy opvolgers ds Hay weer het ook bedank vanweë teenstand van 'n sterk hiper-calvinistiese groep in die gemeente.[14)]. Wanneer ons die ontstaan van die Baptiste navors blyk dit dat daar in die sewentiende eeu twee groepe was naamlik die General Baptists wat Arminiaans in kerkleer was maar presbiteriaans in kerkinrigting en die Particular Baptists wat Calvinisties was wat kerkleer betref het, maar independentisties in hul kerkregering. In die lig hiervan is dit begryplik dat afgesien van die verskille ten opsigte van die doop, daar heelwat ooreenkomste in leer mag wees en dat die NG lidmaat wat na die Hatfield Baptiste oorgaan leerstellig nie so 'n groot sprong maak nie. Hiermee dus enkele voorbeelde om aan te toon dat wat Scholtz ten opsigte van geskiedenis in die algemeen gesê het, ook vir die kerkgeskiedenis geld naamlik dat gebeure in Suid-Afrika in verband met wêreldgebeure gebring moet word.[15)]

Hiermee wil ek by 'n volgende punt kom naamlik die belang van kerkgeskiedenis. Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n tendens by sommige om te pleit dat die mens bevry moes word van 'n historiese bewussyn. Daarvolgens sou hy pas bekwaam geag word om hom op die toekoms te rig en vir 'n nuwe samelewing in te span nadat hy bevry is van sy gebondenheid aan die geskiedenis wat agter hom lê. Daar is verder gemeen dat 'n kerk wat gebonde is aan sy geskiedenis onmagtig sou wees om in hierdie wêreld sy taak te vervul.[16)] In ons tyd word daar steeds deur studente gevra wat die relevansie is van die Christologiese twiste van die vierde eeu en die besluite van die konsilie van Chalcedon in 451. Studente wat brand om die evangelie uit te dra en mense te help, vind dit net 'n beslommernis om opgesaal te word met die geskiedenis. Baie van hulle het in std 7 laas met die vak Geskiedenis te doen gehad en vir hulle bestaan dit in elk geval net uit ritse datums, name van mense en gebeurtenisse. In ons herkurrikulering gee ons ons

steeds rekenskap van die eise van ons tyd aan die Teologie in die algemeen en aan Kerkgeskiedenis in die besonder en die ongeduldige studente moet maar leer dat die jong soldaat wat brand om met die vyand slaags te raak, eers moet leer hoe om die wapen wat hy'in die hand het, te hanteer.

Scholtz het gesê dat 'n mens op welke terrein van die lewe hy hom ook mag beweeg, nie sonder die een of ander vorm van kennis van die verlede kan klaar kom nie. Daarom is dit so dat hoe grondiger en intiemer die kennis is wat mens van die verlede besit, hoe groter ook sy kennis van die hede is.[17]) In die verband wys ek op 'n woord van Calvyn dat hy die kerk se geskiedenis ondersoek het en nadat hy toestande in sy eie tyd met die van die vroeë kerk vergelyk het, hy eers duidelik besef het wat sy taak behels het.[18]) Natuurlik bepleit ek nie die beoefening van kerkgeskiedenis bloot net om lesse uit die geskiedenis te leer nie. 'n Historikus het egter opgemerk dat kennis van die verlede ons nie in staat stel om die toekoms te voorspel nie, maar dit sal help om verstandiger in die toekoms op te tree.[19]) In die woorde van Elton: "A sound acquaintance with the prehistory of a situation or problem does illumine them and does assist in making present decisions: and though history cannot prophesy, it can often make reasonable predictions. Historical knowledge gives solidity to the understanding of the present and may suggest guiding lines for the future".[20]) Veral in ons sogenaamde ekumeniese eeu is kennis van die verlede onontbeerlik. Die gesprek tussen kerke kan pas vorder as indringend na die verlede gekyk word en die kwessies wat kerke van mekaar skei, eerlik op tafel kom. Soos Van Jaarsveld gesê het, kennis van die agtergrond van 'n verskynsel lei tot begrip daarvan.[21]) Dus 'n kerkhistoriese bewussyn laat ons omkyk na die weg wat ons reeds afgelê het ten einde ons beter te oriënteer op die weg wat voor ons lê en op die einde van die tye.[22])

Die belang van die Algemene Kerkgeskiedenis word wel by die verskillende Teologiese Fakulteite besef en volgens die Jaarboeke van die verskillende universiteite word daar baie tyd aan die behandeling daarvan afgestaan. Die Teologiese Fakulteit aan die Potchefstroomse Universiteit vir CHO staan persentasiegewys meer tyd aan die Algemene Kerkgeskiedenis af as die ander Afrikaanse universiteite. Uit die Jaarboeke blyk ook dat baie klem val op die tyd vanaf die Protestantse hervorming en uit die opset hier in Suid-Afrika is dit wel te regverdig. Oor die algemeen lyk dit asof die eerste veertien eeue ongeveer een derde of minder van die lesure beslaan, die tyd rondom die hervorming ook eenderde en die laaste twee eeue die res. Dit is natuurlik jammer dat die vroeë kerk dus relatief min aandag kry. Die hervormers het teruggegryp na die vroeë kerk en baie gesteun op die kerkvaders. Wat die middeleeue betref, word dit, lyk my, vlugtig behandel terwyl Ullmann in sy intreerede in Cambridge juis gestel het: "To study the scope of medieval ecclesiastical history is to study the genesis of

modern society, is to study the adolescence, puberty and growth of our own society, the main features of which can do nothing else but highlight a palpable continuance of, or a palpable antagonism to, the ecclesiastical Middle Ages."[23] Dit lyk my elke tydvak is maar belangrik en elke dosent wil sy volle pond vleis hê.

Vervolgens wil ek op 'n aantal hindernisse in die weg van die beoefening van Algemene Kerkgeskiedenis hier in Suid-Afrika wys. Allereers is daar die groot afstand van Europa sowel wat ruimte betref as fisiese omstandighede. Om 'n onderwerp uit die Europese geskiedenis aan te pak sal beteken dat die navorser vertroud moet wees met die omgewing, die aardrykskunde, politieke en sosiale omstandighede. Frend het ook die waarde bewys van selfs argeologiese opgrawings te doen in die gebied waaroor navorsing gedoen word.[24]

In die bestudering van 'n dogmahistoriese onderwerp sal bg. nie so 'n groot belemmering wees nie omdat die navorser hoofsaaklik met die tekste werk en solank hy alle moontlike bronne het, kan hy sy studie in die studeerkamer afhandel. In díe verband kan ons op 'n aantal doktorale proefskrifte wys wat by Kerkgeskiedenis-departemente ingelewer is: by Unisa die van PW Marais, CJ Botha, JH le Roux, C van der Waal, KH Kuhlmann, JA Loader, DP Whitelaw en C Landman; by Potchefstroom die van P Rossouw en DR Fouché; by U P die van R Sauerzapf en by UOVS die van PE Hughes.[25] Verder is daar 'n hele aantal proefskrifte wat oor figure uit die algemene kerkgeskiedenis handel maar wat by ander fakulteite ingelewer is bv. departemente Filosofie, Geskiedenis of Klassieke Tale en wat dus nie vanuit suiwer kerkhistoriese perspektief na die betrokke figure of gebeurtenisse kyk nie. Uit bostaande gegewens blyk dat daar hier in Suid-Afrika tog meer gedoen is as wat mens sou vermoed. Unisa se waardevolle bydrae in díe verband moet vermeld word en hulle departement Kerkgeskiedenis is nog steeds in die gunstige posisie dat daar drie dosente is wat die periode van die Vroeë Kerk tot die Hervorming doseer. Wat die beoefening van Algemene Kerkgeskiedenis betref het hulle dus alreeds 'n bepaalde tradisie geskep en mens hoop dat dit sal voortduur.

'n Geweldige en miskien die grootste hindernis in die bestudering van Algemene Kerkgeskiedenis is tale kennis. In hierdie verband moet die agteruitgang van die aanbieding van Latyn op ons skole ten seerste betreur word. Met die uitsondering van Rustenburg is daar geen hoërskool noord van Pretoria wat Latyn aanbied nie. Aan die ander kant moet die pogings van die departement Latyn hier aan U.P. geloof word. Hulle het begin om kursusse vir laerskoolkinders hier in Pretoria aan te bied en nadat hulle belangstelling gewek is, het dit daartoe gelei dat Latyn weer by 'n hoërskool heringestel is en die belangstelling by ander hoërskole toegeneem het.

'n Ander aspek is dat die meeste Teologiese Fakulteite dus nie meer kennis van

Latyn van die voornemende teologiese student verwag nie. Die Gereformeerde Kerke vereis nog Latyn I en die Hervormde Kerk vereis ook Latyn op matrikulasievlak of dan Latyn 101. Wat die Ned Geref Kerk betref, word Latyn op doktorale vlak vir sommige vakke vereis, indien nodig. Die teologiese studente het in hulle B.A.-kursus naas die verpligte kursusse in Grieks en Hebreeus min ruimte vir die humaniora. Ons lei predikante op wat kundiges moet wees in die wêreld en lewe van vandag maar te midde van die vakkeuses wat gemaak moet word is een van die eerste vakke wat sneuwel gewoonlik Latyn om nie eers van die vak Geskiedenis te praat nie.

Die gebrekkige kennis van Latyn by teologiese studente is 'n verskynsel wat wêreldwyd voorkom. In gesprekke met vakgenote by twee internasionale Patristiese konferensies by Oxford het almal die agteruitgang in die kennis van Latyn by teologiese studente betreur. Tydens die jare van my eie nagraadse studie in Leiden, het alle voorgraadse teologiese studente 'n verpligte Latynse teks van 'n kerkvader moes lees. Vandag gebruik die dosent in Kerkgeskiedenis dieselfde bundel Engelse vertalings van bronne uit die Vroeë Kerk as wat ek hier gebruik as 'n manier om die studente darem met die oorspronklike bronne te laat kennis maak. Die gevolg van dit alles is dat ons van vertalings gebruik moet maak. Op voorgraadse vlak kan dit miskien nog maar op M. -en D. -vlak is dit onaanvaarbaar. Die resultaat is dat min studente op die gebied van Algemene Kerkgeskiedenis spesialiseer en dat wat die predikante in die algemeen betref hulle, die kinders van die hervorming, op vertalings moet staatmaak van die werke van die hervormers wat wel vertaal is. Wat Luther betref is daar 'n Amerikaanse uitgawe wat maar net 55 volumes beslaan en nie naasteby al Luther se werke in vertaling weergee nie. Van Calvyn is naas sy bekendste werk die Institusie wat in talle tale vertaal is (nou ook in Afrikaans) en sy kommentare, nie baie van sy talle ander werke vertaal nie. Van die ander hervormers soos bv. Zwingli is enkele werkies vertaal terwyl van Bucer hulle maar nou eers besig is om 'n gesaghebbende teks van die oorspronklike te versorg. Van die kerkvaders is die meeste van hulle belangrikste werke darem in Engels, Duits of Frans vertaal. Dieselfde argumente waarom die studente hulle nie op ons uitstekende nuwe Afrikaanse vertaling van die Bybel kan verlaat nie maar die oorspronklike tale moet bemeester, geld natuurlik ook vir die kerkvaders en die hervormers en ek gaan dit nie nou herhaal nie. Ons sit dus in 'n land wat hom daarop beroem dat ons so sterk Calvinisties is, maar die werke van Calvyn is vir baie predikante 'n geslote boek. 'n Verdere probleem wat die hervormers betref, is dat hulle hul ongelukkig nie net van Latyn bedien het nie maar Luther en Zwingli skrywe ook in middeleeuse Duits en Calvyn in Frans. Die raadpleging van die bronne is egter ook nie net die stokperdjie van die kerkhistorikus nie want die praktiese teoloog wat liturgie of homiletiek of pastoraat wil navors en begin by ons reformatoriese tradisie, sal ook sy skrede na die rak waar die

**Corpus Reformatorum** staan, moet wend. Dit geld eweseer vir al die ander teologiese vakke. Ons studente kry 'n goeie opleiding in Grieks en sou daarom met die Griekse Vaders kon werk, maar 'n grondige bestudering van 'n Griekse Vader sal vroeër of later kennis van Latyn vereis omdat geen kerkvader geïsoleerd bestudeer kan word nie. 'n Ander groot veld is die Siriese Vaders veral omdat baie van die Griekse kerkvaders se werke in Siries vertaal is. Dit word egter aangebied in die departement Semitiese tale en vereis 'n totaal ander gebied van spesialisasie. Verder vind die navorser in algemene kerkgeskiedenis spoedig uit dat hy ten minste Duits en Frans moet kan lees omdat baie van die sekondêre literatuur op díe gebied in hierdie moderne tale verskyn. Ons skoolstelsel bied baie min moontlikhede in díe verband vir die voornemende teoloog met die gevolg dat hy die tale op die unversiteit moet aanleer en dus 'n geweldige agterstand moet inhaal.

Wat die bronne op die gebied van die Algemene Kerkgeskiedenis betref is die student in Pretoria in 'n buitengewone gunstige posisie met die biblioteke van U.P. en Unisa. Al die belangrikste reekse bronne uitgawes is by een van die twee universiteite beskikbaar en wat sekondêre literatuur betref het ons na oorleg met die twee departemente probeer sorg dat die belangrikste tydskrifte wel in Pretoria beskikbaar is. Wat sekondêre literatuur betref het ons onderling ooreengekom dat Unisa probeer om sover moontlik die publikasies oor die Vroeë Kerk en Middeleeue aan te skaf en U.P. vir díe oor die Hervorming sorg.

Hoe lyk die pad vorentoe? Uit my waarneming by die internasionale Patristiese kongresse by Oxford wat ek kon bywoon, is dit vir my duidelik dat dosente in Klassieke Tale 'n groot rol in die toekoms sal speel in die bestudering van die werke van die Kerkvaders. Hier in Suid-Afrika is ook 'n vereniging vir Patristiese en Bisantynse Studies op 28 Januarie 1984 op inisiatief van dosente in Klassieke Tale aan U.P. gestig. Dit is 'n lewendige vereniging wat jaarliks byeenkom. Die oorgrote meerderheid lede is klassici en by alle waardering vir hul werk en waardevolle bydraes is dit 'n feit dat hulle benadering vanuit 'n ander hoek is as die van die teoloog.

Dit bring my vervolgens by die vraagstuk oor die verhouding tussen die kerkhistorikus en die "gewone" historikus. Oor die sieninge oor die verhouding kerkgeskiedenis - wêreldgeskiedenis heers daar allermins eenstemmigheid selfs onder kerkhistorici. Aan die begin van hierdie eeu het die meeste kerkhistorici gemeen dat kerkgeskiedenis deel vorm van die algemene geskiedenis en slegs in 'n los verhouding met die teologie as geheel staan.[26] In sy intreerede het die Grahamstadse kerkhistorikus Hinchliff in 1960 die eenheid van die geskiedenis beklemtoon.[27] Hy het gemeen dat die kerkhistorikus sy spesialisasie moet beskou as in doel en nie wat inhoud betref nie, soos wat mens spesialisasie op die gebied van

die geskiedenis van Suid-Afrika, of Engeland of Europa kry. Die feite waarmee die kerkhistorikus werk is volgens Hinchliff dieselfde as die wat deur navorsers van ekonomiese geskiedenis, sosiale geskiedenis, politieke geskiedenis en geskiedenis van musiek, kuns of letterkunde gebruik word en dit is alleen die rigting van die navorsing wat verskil.[28)] Die geloof wat deur die teoloog ondersoek word, is in historiese feite gewortel[29)] en daarom moet daar 'n historiese benadering in die teologie wees.[30)] Hinchliff sluit sy rede af met die stelling: "While ecclesiastical history is, then, not a discipline distinct from 'ordinary' history, but a specialisation within it, it has a particular purpose in a faculty of divinity. That purpose, in its simplest form, is the uncovering of the origins and past history of ecclesiastical and theological ideas and institutions. But perhaps its most essential function is something else - to inculcate a proper critical approach to a study of theology".[31)]

In 'n onlangse artikel het Southey die standpunt gestel dat in die laaste vyftien jaar 'n groot kloof ontwikkel het tussen die dissiplines van geskiedenis en kerkgeskiedenis.[32)] "The disciplines have different assumptions, aims and goals."[33)] 'n Belangrike saak waarop hy wys is die interdissiplinêre kontak wat die historici het met die dissiplines sosiologie, antropologie en ekonomie en hy verwyt kerkhistorici dat hulle weinig impak op hierdie proses gehad het.[34)] Verder beklemtoon hy dat die aard van die lidmate se geloof en die reaksie van die gewone gemeentelid op die denominasionele grense, dus "history from below" 'n vrugbare veld vir ondersoek is.[35)] Kerkhistorici raak almeer geïsoleer van die hoofstroom van geskiedenis omdat "(they) have responded to the preoccupations of theology rather than history, and have consciously striven to underpin their discipline in theological terms".[36)] Hy merk ook op dat "the application of 'history from below' will enable the church historian to deepen understanding of the history of the church in South Africa".[37)] Hierdie kruisbevrugting van idees en metodes het volgens Southey oorsee al plaasgevind en daar verskyn veel gesofistikeerder studies oor godsdiens en geloof as voorheen. "Religious history" is vir hom 'n meer bevredigende beskrywing as "ecclesiastical" of "church history" in die navorsing wat in Brittanje en die V.S.A. gedoen word.[38)] Hier is dinge gesê waarop die kerkhistorikus sekerlik sal moet antwoord en ek kom later daarop terug maar ek stel eers die ander kant van die saak.

Die Rooms Katolieke kerkhistorikus Jedin meen dat kerkgeskiedenis handel oor die groei in tyd en ruimte van die kerk wat deur Christus gestig is en omdat die onderwerp afgelei is van en gewortel is in die geloof, is dit 'n teologiese dissipline. Onder kerk verstaan hy nie die struktuur van die kerk soos geopenbaar in sy dogma nie, maar verwys alleenlik na die kerk se goddelike oorsprong deur Jesus Christus, na die hiërargiese en sakramentele orde wat deur Hom ingestel is en die beloofde bystand van die Heilige Gees en eskatologiese vervulling aan die einde van die

wêreld.[39] Iserloh, ook 'n Rooms Katoliek, meen dat kerkgeskiedenis as teologie vereis dat ook die formele objek 'n teologiese is, dit wil sê die kerkhistorikus sien die gang van die kerk deur die geskiedenis met die oë van geloof - credo ecclesiam.[40] Die Protestant Van't Spijker knoop hierby aan en meen dat kerkgeskiedenis daarom nie van die navorser se eie konfessie los te maak is nie.[41] Ten spyte van die strewe na objektiwiteit werk ons egter almal met voorveronderstellinge en daarom sal die Rooms Katoliek anders oordeel oor bepaalde gebeurtenisse as die Protestant vanweë 'n ander kerkopvatting. In die verband het Van den Berg[42] teenoor Verkuyl, wat van mening is dat die westerse kerkgeskiedskrywing langsamerhand geheel deskriptief is en dat daar weinig kerkhistoriese studies is wat die beskrewe kerk of kerke toets aan bybelse kriteria, van die standpunt uitgegaan dat die kerkhistorikus nie kan beskryf en toets terselfdertyd nie. Hy lê geen meetlat aan nie maar beskryf net. Jelsma het egter tereg gevra waarom dit nie gedoen kan word nie. Daar is wel probleme om die beeld van die oudste kerk te konstrueer en kriteria vas te stel wat normatief sou wees vir elke tyd en elke situasie. Hierdie sogenaamde neutraliteit het wel bygedra tot 'n groter ekumeniese gesindheid onder Christene maar die kerkgeskiedenis het verloor deur die gebrek aan beoordeling.[43]

As ons egter die definisie aanvaar dat kerkgeskiedenis hom besig hou met die werking van die Evangelie in die kerk en deur die kerk in die wêreld[44] is die teologiese karakter van die vak daarmee aangedui. Soos Pillay dit stel: "The church historian is ... examining Christian responses (by word **and** deed) to Scripture". Ebeling se definisie van kerkgeskiedenis dat dit die geskiedenis van die interpretasie van die Skrif is, wil Pillay uitbrei na "the history of Christian self-understanding which has been based largely on Scripture and the developing Christian tradition""[45] Heel eenvoudig gestel kan ons sê dat die kerkhistorikus hom afvra wat van die boodskap tereg gekom het in die uitlegging daarvan deur die eeue. Dit is daarom 'n outentieke teologiese saak.[46]

Natuurlik is die geskiedenis een en maak die kerkhistorikus gebruik van dieselfde bronne as die historikus sowel as dieselfde metode, maar aan die einde moet hy verder gaan as die historikus en 'n teologiese vraag vra, of, hoe en in hoeverre die kerk bewus was van sy wese en opdrag en of, hoe en in hoeverre hy die moontlikheid gehad het om uit hierdie wese en opdrag te lewe.[47] Die kerkhistorikus moet ten slotte 'n teologiese oordeel vel en sy norm by die beoordeling is die Bybel.[48] Jelsma het egter tereg daarop gewys dat daar in die praktyk soms weinig van hierdie mooi teologiese beginsel teregkom.[49] Ek beklemtoon weer eens dat wanneer ek hierbo van "kerk" praat dit nie denominasioneel verstaan moet word nie maar in die wye sin van die woord nl. as kerk van Christus. Die kritiek van historici se kant dat kerkhistorici nie

genoegsaam rekening hou met ontwikkelinge in die dissipline van geskiedenis nie, is waar. In die verband wil ek egter verwys na Hofmeyr se jongste boek waarin hy doelbewus meer van die sosiale konteks kennis geneem het waarbinne die Nadere Reformasie beweeg het.[50] Dit is egter ook waar dat die kerkhistorikus weet dat kerkgeskiedenis nie net oor kerkleiers en sinodale besluite gaan nie, maar om die "history from below" soos Southey dit uitgedruk het. Pragtig het Donaldson as die doel van kerkgeskiedenis gesien "the study of the spiritual life and witness of the people of God" en daarom is briewe, dagboeke, herinneringe, plaaslike kerklike brosjures en mondelinge oorlewering alles belangrike bronne vir navorsing.[51] Dit is egter baie moeilik om die gewone daaglikse lewe van die gemeentelede raak te vat, die godsdiensbelewing van die kerklidmaat, sy gebede. Soos iemand dit uitgedruk het "the devotion of its servants, its faith and its hopes, just will not go into an historical record".[52] Ek wil ook daarop wys dat kerkhistorici wel hieraan aandag gee soos byvoorbeeld in die werke van Van der Watt wat die omstandighede wat tydens vroeë jare aan die Kaap geheers het, beskrywe.[53] Miskien is dit nie genoeg na die sin van sommige nie, maar dit word tog aangesny. Elke kerkhistorikus weet dat sinodes nie in lugleegtes hulle besluite neem nie en in die beskrywing van kerklike tendense sal hulle hul deeglik rekenskap moet gee van al die omstandighede, sosiaal en polities. Ons begryp ook iets van die historici se afkeer van die gebruik van die woord 'kerk' omdat dit veelal denominasionalisties verstaan is maar die kerkhistorikus weet dat dit boweal om die kerk as kerk van Christus gaan en nie net die eie kerk nie. Omdat die kerkhistorikus vanuit 'n teologiese perspektief werk sal die indeling (periodisering) anders wees as die gewone geskiedenis. Die val van die Romeinse Ryk in 476 beteken nie vir die kerkgeskiedenis enige breuk of nuwe omstandighede nie. Die optrede van Gregorius I of Karel die Grote het miskien groter veranderinge ingelui wat die kerk betref. Wat Suid-Afrika betref het die eerste sinode in 1824 groter kerkhistoriese betekenis as die finale verowering van die Kaap deur die Engelse in 1806.[54] Dus by alle waardering vir die werk van klassici en historici, sal kerkgeskiedenis nie in die departement Klassieke Tale of departement Geskiedenis gedoseer kan word nie. In die loop van my betoog het dit wel duidelik geword dat hoë vereistes aan die navorser op die gebied van Algemene Kerkgeskiedenis gestel word - tale kennis (modern en klassieke), hy moet op die hoogte wees van ontwikkelinge van die vakdissipline Geskiedenis en dan nog teoloog daarby.

Ten slotte wil ek die vraag behandel oor die relevansie van Algemene Kerkgeskiedenis vir die nuwe Suid-Afrika. In die missie van die Universiteit van Pretoria word dit duidelik gestel dat die studentekorps voorberei moet word om 'n verantwoordelike en betekenisvolle bydrae tot die samelewing te lewer en dat die universiteit se navorsing en opleiding op mannekragbehoeftes en vraagstukke van die sub-kontinent van Suider-Afrika afgestem moet wees. Sal die Afrikane nie

voel dat 'n groot deel van die kerkgeskiedenis deel van die Europese geskiedenis is en dat dit dus nie hulle besigheid is nie?[55)] Ons weet ook dat na die Tweede Wêreldoorlog Europa wat bykans 450 jaar oor die lande van ons planeet geheers het, verdwerg en verswak tussen Amerika en Rusland is en gestroop is van sy kolonies in Asië en Afrika.[56)] Maar Algemene Kerkgeskiedenis beteken tog vir Afrika iets. Dr Dwane 'n biskop van die Order of Ethiopia het twee jaar gelede in 'n artikel ingegaan op die betekenis van die **homoousios** in die patristiese denke en in ons tyd. Sy argument is dat by die konsilie te Nicea teenoor Arius bely is dat Christus waarlik God is maar ook 'n mens en dat Hy daarom Immanuel - God met ons kan wees. Dwane vervolg dat vir mense wat sonder stemreg en eiendomsbesit is, die kruis 'n kragtige simbool is omdat dit vir die mens sê dat God met ons is en vir ons gely het en dat God weet wat dit is om pyn te ly en verwerp te word. "He knows this not by standing somewhere on the periphery of human experience as a dispassionate observer, but as himself the recipient of the cruellest forms of torture and torment. The Cross therefore is a sign of hope because the Son of God suffered and died there victoriously ... That is why we in our generation are able to affirm the Nicene teaching that this man is God with us, Immanuel.[57)] Hierdie interessante artikel bewys maar net die relevansie van die Algemene Kerkgeskiedenis. Miskien sou mens kon verwag dat die Christologie in elk geval altyd relevant is. Die feit is dat die gevestigde kerke (die van Europese oorsprong) onder swart mense almal Europese wortels het en dat die swart lidmate indien hulle hul eie herkoms wil begryp, tog maar erns met die Algemene Kerkgeskiedenis sal moet maak. 'n Ander feit wat die kerklike toneel in Afrika oorheers is die groot aantal onafhanklike kerkbewegings. Na raming behoort ongeveer 30% van die swart Christene in Suid-Afrika aan hierdie groepe. Crafford het juis daarop gewys dat een van die baie redes vir die maklike versplintering in die kerk 'n gebrek aan historiese besef is van die verbondenheid aan die kerk van Christus deur die eeue heen.[58)] In Afrika sal daar in die besonder klem gelê moet word op die bestudering van die kerkgeskiedenis van Afrika met al die probleme daaraan verbonde.[59)] Die Europeër word verwyt dat hy die kerk in Afrika wil beoordeel vanuit sy eie teologiese standpunt wat etos, liturgie ens. betref.[60)] Daar sal sekerlik ruimte gelaat moet word dat die Afrikaan sy godsdiens anders belewe as die Europeër en boweal dat die Christendom op ander wyse inheems in Afrika sal word as wat dit in Wes-Europa of in die Grieks (Russiese) Ortodokse Ooste is. Die kerk word ook gevorm deur die gemeenskap waarin dit gevestig is en in díe opsig, anders as byvoorbeeld in Wes-Afrika, sal daar in Suid-Afrika 'n sterk Europese komponent wees en die lede van díe kerke sal nie sonder kennis van die verlede en dan die Europese verlede kan klaarkom nie. Kennis van die Europese verlede sal begrip vir mekaar in die verskillende kerke kweek en dalk help in die proses van kerkverenigings vorentoe.[61)] Die feit dat swart Christene hulle in verskillende kerke bevind is deel van bepaalde gebeure wat van

buite af op hulle oorgeplant is. Hoe verduidelik, laat staan regverdig mens dit aan swartmense dat die Ned Geref, Ned Herv en Geref Kerke almal dieselfde belydenis en kerkregering het en tog drie kerke is of dat die Church of the Province of South Africa en Church of England in South Africa albei die Thirty Nine Articles onderskryf en die biskoplike kerkregeringstelsel het en tog twee verskillende kerke is? Algemene Kerkgeskiedenis bly dus ook belangrik vir Afrika. Uit alles wat hierbo gesê is, is dit byna vanselfsprekend dat in Suid-Afrika die kerkhervorming as fokuspunt van die onderrig geneem sal word.[62)]

Miskien het ek 'n bietjie pessimisties oor die beoefening van Algemene Kerkgeskiedenis in Suid-Afrika geklink. Die Christen in die algemeen en die kerkhistorikus in die besonder mag egter nooit wanhoop nie maar moet daagliks ongestoord voortgaan met sy werk. In die afgelope jare het ek sover moontlik saam met belangstellende studente Latynse tekste gelees. Dit is op 'n vrywillige basis en vir studente wat Latyn op skool gehad het. Een jaar was daar slegs twee, 'n ander jaar was daar vier en verlede jaar nege studente. Dit is een manier om aan hulle die praktiese waarde van hul kennis van Latyn te demonstreer sodat hulle kan begryp dat dit relevant is en dat hulle nie verniet al die jare aan Latyn op skool spandeer het nie. Hopelik sal hulle terwyl ons besig is om die debat tussen Luther en Eck in Leipzig in 1519 in die oorspronklike te volg en te let op hoe hulle gedebatteer het of hoe Calvyn skryf oor die verhouding tussen die kerk en staat en wanneer die onderdane teen hulle owerheid in opstand mag kom, of hoe Cyprianus geworstel het om die eenheid van die kerk te bewaar of hoe Tertullianus teenoor dwaalleraars die leer oor die Triniteit uiteensit, geïnspireer word om self meer te lees. Wanneer mens op die wyse besig is met die ou geskrifte weet jy dat kerkgeskiedenis nie dood is nie, nie net bloot oor gebeure eeue gelede handel nie maar 'n lewende vak is wat vandag nog vir ons iets te sê het. Boweal weet jy dat in jou besig-wees met die verlede jy daardeur 'n ryk mens is en beter toegerus word vir die vraagstukke van vandag.

## VOETNOTE

1. P B van der Watt, *Gedagtes rondom 'n kontemporêre kerkgeskiedenis - met besondere verwysing na die Ned. Geref. Kerk*, Intreerede, Publikasies van die Universiteit van Pretoria, nuwe reeks nr 92, Pretoria 1975, p. 3.
2. *W.A.TR.* 4,611,6-8.
3. H-U Delius, *Augustin als Quelle Luthers*, Evangelische Verlagsanstalt, Berlin 1984, p. 6-12.
4. L Grane, Divus Paulus et S. Augustinus, interpres eius fidelissimus, G Ebeling et al., *Festschrift für Ernst Fuchs*, JCB Mohr, Tübingen 1973, p. 137.

5. C F A Borchardt, Die relevansie van Luther se beroep op die Skrif alleen in Afrikakonteks, J W Hofmeyr & W S Vorster (eds.), *New faces of Africa* (Essays in honour of Ben Marais), Unisa, Pretoria 1984, p. 7.
6. Sien die dissertasie van R J Mooi, *Het kerk- en dogmahistorisch element in de werken van Johannes Calvijn,* H Veenman & Zonen, Wageningen 1965.
7. Mooi, *a.w.*, p. 263.
8. *C.R.* 8,274.
9. Mooi, *a.w.*, p. 354.
10. T N Hanekom, *Die liberale rigting in Suid-Afrika,* CSV, Stellenbosch 1951.
11. Sien die dissertasies van E P Jooste, Die Nederlandse Revéil en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, D.D.verh., Universiteit van Pretoria 1986; J W Claassen, Die kerklik-godsdienstige agtergrond en invloed van die eerste Skotse leraars in Suid-Afrika, D.D.verh., Universiteit van Pretoria 1990.
12. A D Pont, Die geskiedenis van die Afrikaanse Kerke in die Suid-Afrikaanse historiografie, G Cronje (red.), *Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie,* J L van Schaik, Pretoria 1967, p. 42.
13. E Brown, Die geskiedenis van die Afrikaanse kerke van gereformeerde belydenis na die Tweede Wêreldoorlog tot ongeveer 1962, *Studia Historiae Ecclesiasticae* V (1979) p. 40.
14. H J Batts, *The story of a 100 years, 1820-1920, being the history of the Baptist Church in South Africa,* T Maskew Miller, Cape Town n.d., p. 7, 22-3.
15. G D Scholtz, *Die taak van die historikus,* Publikasiereeks van die Randse Afrikaanse Universiteit A 27, Johannesburg 1970, p. 19.
16. W Nijenhuis, Kerkgeschiedenis als theologische discipline, *Rondom het Woord,* 16(1, 1974) p. 57.
17. Scholtz, *a.w.*, p. 10.
18. *C.R.* 1,582.
19. N F Cantor, *Medieval history. The life and death of a civilization,* 2nd ed., Macmillan & Co., London 1969, p. xxi. B J Liebenberg het daarop gewys dat mens wel uit die verlede lesse kan leer, *Waarom bestudeer ons die verlede?,* Intreerede, Unisa 1981, p.3.
20. G R Elton, *The practice of history,* Collins-Fontana 1967, p. 67.
21. F A van Jaarsveld, *'n Inleiding tot die studie van Geskiedenis,* Nasou Beperk, Kaapstad ens., o.d., p. 100.
22. Nijenhuis, *a.w.*, p. 75.
23. W Ullmann, *The relevance of medieval ecclesiastical history,* University Press, Cambridge 1966, p. 35.
24. W H C Frend, *The Donatist Church,* Clarendon Press, Oxford 1952, p. v.
25. Vir onderstaande gegewens vgl. C F A Borchardt & W S Vorster, *South African Theological Bibliography,* vols 1-3, Unisa, Pretoria 1980-8; C F A Borchardt, J Kilian & W S Vorster, *South African Theological Bibliography,* vols 4-5, Unisa, Pretoria 1989-1990.
Die titels van die proefskrifte is:
P W Marais, Die korrelasie van doop en geloof in die kinderdoop, met spesiale verwysing na Augustinus, Unisa 1968.

C J Botha, Die eucharistie by Cyrillus van Jerusalem, Unisa 1971.
C van der Waal, Het pascha der verlossing, Unisa 1973.
J H le Roux, Die paasbeskouing van Gaudentius van Brixia, Unisa 1976.
K-H Kuhlmann, Eine dogmengeschichtliche Neubewertung von Johannes Cassianus "De incarnatione Domini contra Nestorium libri VII", Unisa 1983.
J A Loader, Die etiese Ou-Testamentici in Nederland tussen 1870 en 1914, Unisa 1984.
D P Whitelaw, Libertas in Luther's Galatian commentaries, Unisa 1985.
C Landman, Skrifhantering in die "Tractatus de regia potestate et sacerdotali dignitate" van Hugo Floriacensis, Unisa 1987.
P Rossouw, Die Roomse gesagsbegrip van Lumen Gentium in kerkhistoriese perspektief, PU vir CHO 1971.
D R Fouché, Luther se doopbeskouing soos gebaseer op sy "De Captivitate Babilonica Ecclesiae", PU vir CHO 1988.
R Sauerzaph, Die Säkularisierung der Genfer Ökumene, UP 1975.
P E Hughes, Jacques Lefévre d'Etaples (c. 1455-1536) - pioneer of ecclesiastical renewal in France, UOVS 1984.

26. H Jedin, Kirchengeschichte ist Theologie und Geschichte, R Kottje (herausg.), *Kirchengeschichte heute*, Paulinus Verlag, Trier 1970, p. 43.
27. P B Hinchliff, *Ecclesiastical History its nature and purpose*, Rhodes University, Grahamstown 1960, p. 4.
28. Hinchliff, *a.w.*, p. 5. So ook S G Hall, Theological History and Historical Theology, P Avis (ed.), *The Threshold of Theology*, Marshall Pickering, Basingstoke 1988, p. 105.
29. Hinchliff, *a.w.*, p. 9.
30. Hinchliff, *a.w.*, p. 10.
31. Hinchliff, *a.w.*, p. 23.
32. N D Southey, History, Church History and Historical Theology in South Africa, *Journal of Theology for Southern Africa*, 68, (September 1989) p. 5.
33. Southey, *a.w.*, p. 6.
34. Southey, *a.w.*, p. 6.
35. Southey, *a.w.*, p. 12.
36. Southey, *a.w.*, p. 15.
37. Southey, *a.w.*, p. 15.
38. Southey, *a.w.*, p. 15.
39. H Jedin (herausg.), *Handbuch der Kirchengeschicte*, Bd. 1, Herder, Freiburg, Basel, Wien 1963, p. 2-3.
40. E Iserloh, Was ist Kirchengeschichte?, R Kottje (herausg.) *Kirchengeschichte heute*, Paulinus Verlag, Trier 1970, p. 29.
41. W van't Spijker, *Triptiek van de geschiedenis*, Oosterbaan & Le Cointre, Goes 1981, p. 107.

42. J van den Berg, Normatiewe kerkgeschiedenis? *Zending op weg naar de toekomst,* Essays aangeboden aan prof dr J Verkuyl, J H Kok, Kampen 1978, p. 203-213.
43. A J Jelsma, De bruikbaarheid van de kerkgeschiedenis, G Heitink et al., *Voortgang. Een bundel theologische opstellen ter gelegenheid van het 125-jarig bestaan van de Theologische Hogeschool der Gereformeerde Kerken te Kampen,* J H Kok, Kampen 1979, p. 94-5.
44. J N Bakhuizen van den Brink, Kerk- en Dogmengeschiedenis, W F Dankbaar & M de Jonge, *Inleiding tot de Theologische Studie,* J B Wolters, Groningen 1965, p. 100.
45. G J Pillay, The on-going historical quest for meaning and relevance, *Studia Historiae Ecclesiasticae,* XIV (1988) p. 86.
46. Nijenhuis, *a.w.*, p. 74.
47. H Berkhof, *Geschiedenis der kerk,* 5e dr., G F Callenbach, Nijkerk (1950), p. 10.
48. E Brown, *A discussion of the theological method of Church History,* Inaugural address University College of Zululand, 1969, p. 6.
49. Jelsma, *a.w.*, p. 92-3. So ook Verkuyl, Van den Berg, *a.w.*, p. 204.
50. J W Hofmeyr, *Die Nederlandse Nadere Reformasie en sy invloed op twee kontinente,* Unisa, Pretoria 1989, p. 6-7.
51. M E Donaldson, Ecclesiastical history - the study of the spiritual life and witness of the people of God, *Studia Historiae Ecclesiasticae,* XIV (1988) p. 81.
52. P Hinchliff, *The Anglican Church in South Africa,* Darton, Longman & Todd, London 1963, p. 135, 210.
53. P B van der Watt, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk 1652-1905,* deel 1-3, N G Kerkboekhandel, Pretoria 1989, p. 76vv., 241vv., 351vv.
54. T N Hanekom, Ons Kerkgeskiedskrywing. Die indelingsprobleem van die S.A. Kerkgeskiedenis, *Die Gereformeerde Vaandel,* XXV (Oktober 1965) p. 23-6.
55. Soos bv. studente in Indonesië. A Sevenster, Why study Church History?, *The South East Asia Journal of Theology,* 15 (2, 1974) p. 80.
56. F A van Jaarsveld, *Die eise van ons tyd aan die geskiedskrywing,* Intreerede, RAU reeks A4, Johannesburg 1968, p. 6.
57. S Dwane, The significance of the Homoousios in Patristic thinking and in our time, *Journal of Black Theology in South Africa*, 2 (1, 1988) 53-9 (aanhaling op p. 58, 59).
58. D Crafford, *Die beoefening van Kerkgeskiedenis as wetenskap in die konteks van Afrika,* Intreerede Universiteit van die Noorde (Reeks C no 23), 1972, p. 13-4.
59. B J Odendaal, *African Church Historiography: an evaluation, motivation and exploration of an overdue exercise,* Inaugural address, University of Zululand, 1982.
60. J F A Ajayi & E A Ayandele, Writing African Church History, *The Church crossing frontiers,* Essays on the nature of mission, in honour of Bengt Sundkler, Uppsala 1969, p. 94-5.
61. Crafford, *a.w.*, p. 17.
62. S J Botha, *Kerkgeskiedenis in die konteks van die Hervormde Teologiese opleiding aan die Universiteit van die Noorde,* Intreerede Universiteit van die Noorde (Reeks C 56) 1980, p. 11-2; J J Steenkamp, Die blywende noodsaaklikheid van die beoefening van die Algemene Kerkgeskiedenis, *Hervormde Teologiese Studies,* 39 (o.d.) p. 42.

**SUMMARY** The study of General Church History in South Africa

1. There are many reasons for studying General Church History: most of the large traditional churches in South Africa have their roots in the church reformation of the sixteenth century; to really understand the Afrikaansspeaking churches one must have cognisance of developments in the Netherlands, France and Britain; in these so-called ecumenical times knowledge of the beginnings of the Englishspeaking churches are also absolutely essential.
2. The necessity of studying church history is emphasized. Knowing the background of events leads to a better understanding and in the ecumenical discussions of today this is essential.
3. There are many obstacles in the way of successful study in the field of general church history: lack of knowledge of conditions in Europe and especially insufficient knowledge of the classical and modern languages.
4. The question of the relation between Church History and General History is discussed. The church historian uses the same sources and methods as the historian but finally he has to make a theological judgement of the events and therefore Church History is a theological discipline.
5. Finally the relevance of general church history for Africa is evaluated and the conclusion is reached that to understand present developments even in Africa, a good knowledge of the European background is essential.